Seediere (c)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bekend te stel aan die dierelewe in die see, aan ons kus en in die onmiddellike omgewing.
2. Liefde vir die dierelewe aan ons kus te kweek.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis maak met ‘n elementêre klassifisering van seediere onder die volgende groeperings.

1.1 See- en kusvoëls

- Vyf kusvoëls volgens hulle eetgewoontes klassifiseer.
- Kennis dra van die verskillende bekvorms volgens hul eetgewoontes.
- Inligting versamel in verband met twee uitheemse seevoëlsoorte wat ‘n bedreiging vir ons seevoëls inhou.
- Kennis maak met twee inheemse seevoëls wat die gevaar loop om uit te sterf.
- Luister na vyf see-/kusvoëls se geluide met die doel om hulle later uit te ken aan die geluide. (Opnames van die geluide kan ook gebruik word indien die werklike klank nie beskikbaar is nie)

1.2 See- en kusinsekte:

- Versamel prente, goeie sketse of afdrukke van vier see-insekte.
- Bestudeer die kamoeflering van twee van die insekte.
- Maak seker watter insekte regtig gevaarlik is en stel vas waar hulle bly.

1.3 Seediere:

- Die kind moet kennis maak met soveel as moontlik diere in en om die seewater.
- Bestudeer minstens vyf van die diere in hul natuurlike habitat. Gebruik die volgende as riglyn.
  - Seesoogdiere.
  - ongesegmenteerde wurms.
  - Borselwurms.
  - seespruite
  - krappe, krewe, krewels.
  - Sponse.
  - anemone, jellievisse, korale, seevarings, bloublasies.
  - mosdiere en kantdiere.
  - Lampskulpe.
  - mossels, slakke, seekatte.
  - seeslange, seeskilpaaie.
  - visse, haaie, robbe, dolfyne.
  - seesterre, seekomkommers, seekastaiings.

2. ‘n Skriftelike verslag indien van een seedier wat vir hom interessant was. Gebruik die volgende opskrifte vir die verslag:
   - Populêre en moontlik ook die wetenskaplike naam.
   - Kenmerke en bou.
   - Verspreiding.
   - Blyplek.
   - Kleintjies.
   - Kos- en eetgewoontes.

C AANBIEDING

1. Die doel is om die kind te laat besef dat diere nie almal eenders is nie, dat daar basiese verskille is en diere daarom in verskillende groepe (families) geplaas word. Omdat die spesialisasie handel oor see-dierekennis, moet ons aan meer as een groep aandag gee. ‘n Groot plakboek of werkboek is geskik vir die prente, sketse en beskrywings om later weer as ‘n naslaanbron te gebruik.

2. Vereiste 1. Gebruik voëls van die omgewing by vereistes 1.1 en 1.2. Eetgewoontes en die bekvorm hang nou saam en kan dus gelyktydig behandel word. Hier word nie studiestukke verwag nie, bloot kort beskrywings byvoorbeeld. Seemeeu - korterige sterk bek, aasvreter en laat val mossels uit lug om dit oop te breek en te vreet. By vereistes 1.3 is prente voldoende as werklike voorbeelde nie beskikbaar is nie. In albei gevalle is die “hoekom”-vraag belangrik: Hoekom is dit ‘n bedreiging? Hoekom is dit ‘n bedreigde spesie?

3. As werklike voorbeelde beskikbaar is, is dit goed. Vermy egter die doodmaak van insekte. Die doel is om die kind te leer dat alle insekte nie gevaarlik is nie en dus nie voor die voet doodgemaak moet word nie. Aan die ander kant moet die kind weet watter insekte om te vermy.

4. Laat hulle prente van diere versamel en dan die klassifikasie doen met die prente. ‘n Besoek aan ‘n akwarium, die see en rotspoele sal ook van groot waarde wees. Gebruik die prente om die verskille en ooreenkomste asook besondere kenmerke uit te wys sodat uitkenning maklik kan geskied.

5. Vereiste 2. Nadat die kind met ‘n verskeidenheid seediere kennis gemaak het, kies hy een waaroor sy kort studiestuk gaan handel. Die opskrifte wat gestel is, is die minimum. Die kind kan daarop uitbrei as hy dit verkies.